# *Tertium datur* – oor die etiese waarheidsbegrip

JA Loader

**Abstract**

***Tertium datur*** **– on the conception of truth in Dutch 'Ethical Theology'**

In this article the 'third option' on the Dutch theological scene of a century ago is examined. The 'Ethical Theology', as this option is known, is explained on the basis of its characteristic conception of truth as something that cannot be encapsulated in propositions but which can be encountered. In this context the relationship between the Ethicals and their rivals on both the left and the right is discussed. In conclusion, an evaluation is given of the achievement of the Ethical current and its accommodation of reason and faith in a single theory.

1. Daar is goeie rede om in 'n feesbundel wat aan professor CH Rautenbach opgedra word, oor die 'derde opsie' in die Nederlandse teologie van 'n eeu gelede te skryf. Vir eers kan professor Rautenbach se denke en kerklike optrede self as so 'n *tertium* in sy eie konteks beskou word: hy het enersyds hom nooit kon identifiseer met rigiede ortodokse strominge nie en andersyds ook nie opgegaan in wat ons gewoond geword het om 'liberale teologie' te noem nie. Daarbenewens is daar waarskynlik niemand onder hedendaagse Hervormde teoloë wat so vertroud is met die Nederlandse teologie(ë), strominge en modaliteite soos hy nie. Om 'n uitdrukking te gebruik wat via *Die Hervormer* 'n Rautenbachiaanse stempel gekry het: die 'verbande en perspektiewe' van ons Nederlandse tradisie is waarskynlik vir niemand so duidelik soos vir professor Rautenbach nie.

Dit maak ook om verdere redes sin om in ons kring aandag aan hierdie onderwerp te gee. Die Hervormde tradisie in ons land neem ook al lank 'n 'derde posisie' in: aan die een kant word ons begrens deur 'n gereformeerde ortodoksie waarmee ons onsself nooit kon vereenselwig nie en aan die ander kant word die grens getrek deur die vehemente ontkenning van die beskuldiging dat die Hervormde teologie 'liberaal' sou wees soos wat dikwels uit gereformeerde oord beweer word. Bowendien word hierdie *tertium*, dat

ons nòg 'ortodoks-gereformeerd'* nòg 'liberaal' is, tot uitdrukking gebring deur diepgaande invloed wat die Hervormde teologie in Suid-Afrika van die Nederlandse 'derde opsie' ondergaan het: nie alleen indirek deur die werke van Daniël Chantepie de la Saussaye (1818–1874), JH Gunning jr (1829–1905) en die betrokkenheid van mense soos HTh Obbink (1869–1947) nie, maar ook direk deur die jarelange werk van jonger verteenwoordigers van hierdie rigting soos B Gemser (1890–1962) en A van Selms (1906–1984).

2.1 Wat is dan hierdie 'derde opsie'? Dit verwys na 'n rigting in die Nederlandse teologie wat vanaf ongeveer die middel van die vorige eeu tot die middel van hierdie eeu duidelik waarneembaar was en aktief aan die teologiese debatvoering deelgeneem het. Daarna het die invloed daarvan meer *incognito* begin deursuur en dit word vandag nog as 'n krag in die werk van veral die beoefenaars van die bibliologiese vakke gevind.

Hierdie rigting het bekend gestaan as die 'Ethische Theologie' of 'Ethische Richting' en die beoefenaars daarvan as 'Ethischen', wat ons kan verafrikaans as 'etici'. In die afgelope jare het ek studies oor verskeie aspekte van die etiese teologie gepubliseer, sodat dit nie nou vir my nodig is om 'n volledige beskrywing van die grondkonsepte daarvan te bied nie (vgl Loader 1984a: 13–14; 1984b: 5; 1985a: 18–21; 1985b: 233–234; 1986: 151). Dit sal voldoende wees om met die volgende karakterisering rekening te hou:

2.2 Die term 'eties' beteken vir hierdie rigting nie 'sedelik' (soos Herman Bavinck 1903: 25, 92 gedink het) nie, maar dat die wese (*éthos*) van die waarheid vir hulle in die sentrum van belangstelling staan. Hierdie siening is deur Daniël Chantepie de la Saussaye onder woorde gebring met die voorstelling van die **etiese karakter van die waarheid** (vgl Loader 1984a: 179). Dit beteken vir hom dat die wese van die waarheid nie objektiveerbaar en rasionaliseerbaar is nie, maar dat die mens wel in aanraking daarmee kan kom. Die waarheid kan nie in 'n leer vasgevat en eties toegepas word nie, want dit transendeer per definisie alle konsepte en proposisies wat gebruik kan word om dit uit te dra. Daarteenoor kan die mens wel met die waarheid in aanraking kom en daarmee gekonfronteer

* Ek gebruik hierdie term bloot as 'n vorm van identifikasie. Verderaan sal ek eenvoudig van 'ortodoks(ie)' praat as tipering van 'n groep (soos in die Nederlandse literatuur van 'n eeu gelede) en nie in die sin van 'reggelowig' nie.

word. Daar bestaan 'n affiniteit tussen God se selfbekendmaking of openbaring en die menslike gees en daarom kan die mens wel weet van God en Hom ontmoet. Dit is 'n ontmoeting met die waarheid, maar nie 'n rasionele deurvorsing daarvan nie (vgl Rasker 1974: 132).

Hierdie basiese oortuiging is die hart van die etiese teologie en is op verskillende maniere uitgedruk deur verteenwoordigers van die vier generasies wat ons in hulle geledere kan onderskei.

2.3 Die ouer generasie, Daniël Chantepie de la Saussaye en JH Gunning jr, het graag uitgegaan van die oortuiging dat daar geen onderskeid bestaan tussen waarheid en lewe nie. Hiervan het beide se geskrifte oorvloediglik getuig (De la Saussaye 1860, 1967; Gunning jr 1866). Dieselfde is ook deur een van die leiers van die tweede generasie etici, JJP Valeton jr, gedoen. Volgens hom beteken dit '. . . dat men ook voor de theologie zijn uitgangspunt neemt in de realiteit der geestelijke dingen, of m a w in het leven, zoals dit van Godswege is geopenbaard' (Valeton 1904: 9). Geloof is 'n lewenskwessie, nie 'n leerkwessie nie. Een van die belangrikste derde-generasie etici, JH Gunning JHzn (die seun van JH Gunning jr), het weer gestel dat die lewende teenwoordigheid van God in die mensegeskiedenis sy openbaring uitmaak en nie allerlei waarhede óór Hom nie (vgl Gunning 1885: 18). Ten slotte kom hierdie opvatting van die waarheid ook duidelik tot uiting in die afkeer aan dogmatisme by vierde-generasie figure soos A van Selms en B Gemser (vgl Loader 1984a: 210–211).

2.4 Geen dogma of konsep of voorstelling, en ook nie die Bybel self nie, kan die volle waarheid van God omvat nie. Daarom is elke poging om dit tot uitdrukking te bring onvolkome en op sy beste slegs 'n benadering tot die waarheid. Volgens die etici wil dit egter nie sê dat die waarheid vir die mens ontoeganklik is nie. As die mens God nie kan deurgrond nie, dan kan hy God nog ontmoet. Net so kan hy die waarheid nie omvat en dus nie formuleer nie, maar nogtans daarmee in konfrontasie kom. Die etiese beweging word saamgebind deur die oortuiging dat, as ons van die goddelike openbaring praat, ons van God se self-openbaring praat en nie van 'n leer nie (Gunning jr 1866: 45). Hy maak Homself bekend, sê Gunning jr (1884: 54), Valeton (1909: 10), Gerrit Wildeboer (1886: 69) en ander etici. Om die lewende God se bestaan, teenwoordigheid en ingrype te ervaar, beteken om met die waarheid in aanraking te kom.

Hierdie insig lei tot die herkenning van verskeie 'verbande en perspektiewe'.

2.5 In die eerste plek word die verhouding van die etiese rigting tot die **modernisme** en die **ortodoksie** hierdeur bepaal.

Aan die een kant was die modernisme totaal gekant teen die etiese opvatting van waarheid. Gebou op die monisme van die eerste periode in die denke van die Utrechtse hoogleraar CW Opzoomer (1821–1892) en voortgestu deur die latere ontwikkeling in die denke van die ander grondlegger van die modernisme, JH Scholten (1811–1885), dat geen godskennis sonder die rede moontlik is nie (vgl Opzoomer 1846: 55, Scholten 1846: 34, 88, 137, Roessingh 1914: 84, 92, Rasker 1974: 116), was die modernisme daarvan oortuig dat daar geen onderskeid tussen kennis en geloof is nie. Enigiets wat vir die mens 'een voor waar houden' (Opzoomer) is, is afhanklik van sy redelikheid. Daarom kan daar geen plek vir openbaring of 'n transendente God wees nie. Die moderniste het hulleself as anti-supranaturalisties beskou en daarmee bedoel dat hulle afwysend staan teenoor alle opvattinge wat, soos die etiese, oortuig is van 'de realiteit der geestelijke dingen'. Daarom vind ons talle voorbeelde in die literatuur van hoe die moderniste die etici van halfhartigheid beskuldig.

Twee voorbeelde sal dit illustreer. Abraham Kuenen (1885: 491–530) was van mening dat die etiese teoloë nie die betekenis van die resultate van die historiese kritiek verstaan nie. Daar is net een waarheid en dit is 'n rasionele waarheid. Terwyl die historiese kritiek dan nou aangetoon het dat ons nie met openbaring rekening kan hou nie, maar die Israelitiese godsdiens ewolusionisties moet verklaar, is dit tog duidelik dat die 'regse' teoloë (d w s die etici) nie hul eie konstruksie op dieselfde histories-kritiese fondament kan bou as waarop die moderniste hul konstruksie bou nie.

Nog 'n modernis, BD Eerdmans (1909: 555–567, 1910: 289–304), het geoordeel dat die etici se duiding van die geskiedenis van Israel in terme van 'n openbaring 'wetenschappelijke en stichtelijke bederf' is. Volgens hom sou dié soort hantering van die Bybelse tekste bots met die bedoeling van die outeurs en daarom onaanvaarbaar wees.

Gerrit Wildeboer se antwoorde aan beide hierdie geleerdes plaas die verhouding tussen die etiese en die modernistiese rigtings goed in perspektief. Teenoor Keunen redeneer Wildeboer (1886: 45–69) dat 'n wetenskaplike analise van tekste nie gelykgestel kan word

aan teologiese evaluering nie, dat die historiese kritiek nie noodwendig lei tot 'n ewolusionisme nie, en dat daar by Keunen self 'n bedekte teologiese evaluering teenwoordig is wanneer hy bepaal wat 'laag' en dus vroeg en wat 'hoog' en dus laat is. Teenoor Eerdmans betoog Wildeboer (1910: 437–442) dat die teoloog die 'onafwijsbare plicht' het om die tradisie van Israel se denkbeelde te bestudeer, en dat dit vervolgens ewe wettig is om die uitwendige, historiese aspek te ontleed en om die 'genie' van die geheel ook in ag te neem. Die historiese kritiek ontleed Israel se vertolking van wat gebeur het, en die teologie gee 'n duiding daarvan, sê wat hom in daardie geskiedenis 'n proses van God se heil laat sien.

Hierdie verweer is tiperend van die etiese rigting oor die algemeen. Die etici het nooit moeg geword daarvan om die positiwistiese monisme van die modernisme van die hand te wys nie en tegelykertyd die reg gehandhaaf om die kritiese teologie en die Skrifkritiek te beoefen. Dit word moontlik gemaak deur hul waarheidsbegrip: Aangesien die goddelike waarheid slegs in 'n persoonlike ontmoeting wedervaar kan word, is die *post-eventum*-uitdrukking daarvan in menslike proposisies onvolkome en dus voorwerp van die kritiese wetenskap.

Aan die ander kant – ons kan dit maar die regterkant noem – was die ortodoksie net so gekant teen die etiese waarheidsopvatting. Hierin is een van die paradokse geleë waarop die etici meermale gewys het: Die ortodoksie het van dieselfde basis uitgegaan as die modernisme. Volgens beide hou die historiese kritiek die omverwerping in van alle openbaring. Hiervan is die bekende uitspraak van Abraham Kuyper (1873–1920) 'n tipiese voorbeeld: 'erkent de Christelijke theoloog ook slechts op één cardinaal punt de beweringen van de historische critiek aangaande de Heilige Schrift, zoo ontvalt hem hiermee geheel het principium, waaruit zijne Theologie leeft' (Kuyper 1908–9b: 340). Wildeboer (1893: 315) het hierdie benadering 'n 'rationalistische supranaturalisme' genoem en ewe veel kritiek op 'n openbaringspositiwisme as op 'n ewolusionistiese positiwisme gehad. Die ortodoksie het, net soos die modernisme, 'n proposisionele waarheidsbegrip gehad. Die waarheid is geleë in begrippe, konsepte, korrekte proposisies. Daarom is die proposisies van die Bybel nie oop vir die kritiese wetenskap nie. Die enigste verskil tussen die opponente aan die etici se linkerkant en dié aan hul regterkant is dat eersgenoemde gemeen het die Bybelse proposisies is verkeerd in die lig van die kritiese wetenskap, terwyl

laasgenoemde gemeen het die kritiese wetenskap is verkeerd in die lig van die Bybelse proposisies.

Ook hierdie soort reaksie op die etiese teologie kan met twee voorbeelde toegelig word.

Herman Bavinck het die etiese teologie beskou as 'n poging om onversoenbare uiterstes te versoen. Sy beswaar teen die teologie van Daniël Chantepie de la Saussaye was dat dié 'n soort bemiddeling probeer wees wat die konfessionalisme en die modernisme met mekaar in harmonie probeer bring (Bavinck 1903: 25). Valeton, as een van die hoof-debatvoerders van die etiese rigting, het hierteen ernstige beswaar gehad. Volgens hom wou nòg Chantepie de la Saussaye nòg die volgende generasie etici teenstellings soos ortodoks/vrysinnig in 'n hoëre eenheid verbind. Hulle waarheidsopvatting het hulle wel daartoe gebring om te aanvaar 'dat het Koninkrijk Gods komt noch uitsluitend langs de rails der orthodoxe, noch langs die van enige ander partij, maar dat het zijn eigen weg gaat, overal sporen achterlatend, en overal nieuwe wegen banend' (Valeton 1883: 6). Die etici het wel probeer om die 'godsdienstige levenservaring' in elke rigting en oortuiging raak te sien en te waardeer, maar dit beteken nie, soos Bavinck gemeen het, 'n vermenging daarvan in hul eie teologie nie (Valeton 1904: 32). Dit bring ons by die idee van die *tertium*: die etici het hulle teologie bewustelik as 'n afsonderlike moontlikheid ontplooi en nie as 'n vermenging van ortodoks en modernisties nie.

Maar eers nog een voorbeeld, waaraan die titel van hierdie artikel ontleen is. In sy rektorale rede aan die Vrije Universiteit van Amsterdam het HH Kuyper dieselfde tipering as Bavinck van die etiese teologie gebied. Dit het in dieselfde jaar gebeur as waarin Bavinck sy beskouing van Chantepie de la Saussaye gepubliseer het (Kuyper 1904). Kuyper het die etici voorgestel as teoloë wat probeer bemiddel tussen twee dinge wat mekaar na sy mening noodwendig uitsluit, naamlik ewolusie en openbaring. 'Ewolusie' moet in hierdie konteks gelees word as kenteken van die modernisme in wie se geledere die toentertydse ewolusieteorieë dikwels met geesdrif ontvang is, terwyl 'openbaring' as kenwoord vir die gereformeerde ortodoksie opgeneem moet word. Wildeboer se antwoord hierop was dat dit nie billik is om die etiese standpunt vanuit die twee vleuels waartussen hulle na bewering sou bemiddel, te beoordeel nie, maar dat hulle standpunt in eie reg geëvalueer moet word (Wildeboer 1904a: 149–150). Dit is 'n baie billike verweer, want

anders word eers veronderstel dat die etici 'bemiddel' en vervolgens tot die konklusie gekom dat hulle 'bemiddel'. Volgens Wildeboer gaan die beskuldiging nie op dat die etici 'n soort halfhartige teologie bedryf net omdat hulle nie ingedeel kan word onder een van die twee kategorieë (ortodoks of modernisties) waarmee Kuyper opereer nie. So 'n ongenuanseerde òf-òf is te strak om aanvaarbaar te wees. Daarom distansieer Wildeboer hom van die 'Vermittlungstheologie' wat wel probeer het om ortodoks en modernisties met mekaar te verbind en so by 'n mengsel uitgekom het en by wie Kuyper die etici geskaar het. Sy antwoord lui: 'Doch: tertium datur. Niet als "Vermittlung", maar als een eigen standpunt, dat niet van begrippen, maar van de feiten uitgaat' (Wildeboer 1904b: 50–51).

2.6 Deur hierdie debat word verder die vraag na die verhouding tussen die etiese rigting en die *Vermittlungstheologie* na vore gebring. Dit is ook van betekenis omdat dit historiese perspektief gee aan die vraag of iets wat nòg vis nòg vlees is om daardie rede 'n mengsel van vis en vlees moet wees, en – meer nog – of dit om daardie rede verkeerd moet wees. 'n Bietjie anders gestel, sou mens kon vra waarom moet groente, net omdat dit nie vis is nie en ook nie vleis nie, uit 'n mengsel van die twee bestaan en waarom moet groente nou juis onaanvaarbaar wees net omdat dit nie een van die twee is nie? Groente bevat voedingstowwe wat in vis voorkom èn wat in vleis voorkom, maar dit maak groente nie 'n hutspot van kip en haring nie en ook nie 'n ongesonde maaltyd nie.

Die *Vermittlungstheologie* was wel so 'n hutspot. Met die opkoms van die historiese kritiek het dit teen die middel van die negentiende eeu nodig geword om die grondliggende vraagstuk van die verhouding tussen geloof en rede deeglik onder oë te neem. Die vraag na die versoenbaarheid van geloof en wetenskap het al hoe meer aktueel geword. Hoe kan 'n gelowige sy geloof behou in die lig van die aansprake van die wetenskap? Van hierdie vraag getuig die polemieke waarvan ons 'n paar in oënskou geneem het.

Die *Vermittlungstheologie* of bemiddelingsteologie het nie 'n spesifieke en goedomlynde groep teoloë omvat nie, maar het vae grense gehad en heelwat verskillende skakeringe vertoon. Al wat die *Vermittlungstheologie* as 'n stroming herkenbaar gemaak het, was die poging om te bemiddel tussen 'modernisties' en 'ortodoks', tussen rede en geloof. Die *Vermittlungs*-teoloë word nie verkwalik omdat hulle dit probeer het nie, maar wel vanweë die manier waarop hulle dit probeer doen het. Hulle word gewoonlik beskul-

dig van 'Unklarheiten und Halbheiten' (Schott 1961: 1363). Dit is nie ten onregte nie omdat verskeie van hulle in hulle doel probeer slaag het deur geloof en rede te verenig. Die bekendste voorbeeld hiervan was Isaak August Dorner (1809–1884) by wie daar 'n duidelike vermenging tussen geloof en rede voorkom (vgl Barth 1952: 526). 'n Soortgelyke wolleriggheid oor die eenheid van geloof en rede/wetenskap kan ook in die werk van Richard Rothe (1799–1867) en Hans Lassen Martensen (1808–1884) gesien word (vgl Loader 1984a: 184–187).

Hoewel die *Vermittlungs*-teoloë betekenisvol was omdat hulle die vrae waarom dit gegaan het in diskussies, gehou het en hoewel hulle ook 'n rol gespeel het in die behoud van die kritiese wetenskap in die teologie, was daar ten opsigte van hulle basiese oriëntering 'n wesenlike verskil tussen hulle en die etiese teoloë (al sou die etici waardering kon hê vir die funksie wat die bemiddelingsteoloë *de facto* gehad het). Dit bestaan daarin dat die etici onophoudelik onderskeid gemaak het tusen geloofskennis en wetenskaplike of rasionele kennis. Hierdie onderskeid is volkome in ooreenstemming met hul opvatting van die etiese karakter van die waarheid. As God alles transendeer, dan kan sy waarheid nie in rasionele kategorieë uitgedruk word nie en dan kan dit nie vir wetenskaplike kennis, wat slegs met sulke kategorieë en proposisies werk, toeganklik wees nie. Dus moet daar onderskei word tussen geloofskennis en wetenskaplike of rasionele kennis. Hierin lê die *tertium* van die etici: Hulle het nie tegelyk aan twee teorieë probeer vashou (een wat met 'geloof' werk en een wat met 'rede' werk) nie en hulle het ook nie 'n teorie aangehang wat kies vir die uitsluitlike reg van òf 'geloof' òf 'rede' nie, maar hulle het **geloof en rede in 'n enkele teorie tuisgebring** (vgl Loader 1985a: 27). Die rasionele, wetenskaplike komponent van hierdie teorie kan as die binneste van twee konsentriese sirkels voorgestel word, en die geloofskomponent as die buitenste. Die teologie rig hom op die verstaanbare proposisies wat mense oor God maak. Hier gaan dit om begrippe en voorstellings wat nie die volle waarheid kan omvat nie en daarom vir die kritiese wetenskap toeganklik is. Maar hierdie begrippe moet vervolgens ook gedui word. Hier gaan dit om die affiniteit tussen God se openbaring en die menslike gees, om die *testimonium Spiritus Sancti* – en dit is geloofskennis wat nie vir die wetenskap toeganklik is nie omdat dit spruit uit die ontmoeting tussen die mens en God.

3. Vra ons na die betekenis van hierdie etiese insigte, sou ons die punt waarby ons in die vorige paragraaf uitgekom het, eerste kan opneem. Die etiese model maak 'n wetenskaplik-kritiese beoefening van die teologie moontlik. Teologie bestaan uit **kritiese analise** (die binneste sirkel) èn uit **evaluerende interpretasie** (die buitenste sirkel). Dit is ewe min dualisties as wat enige teorie dualisties is wat met die komponente 'mens' en 'God' rekening hou. Kritiese teologie met sy rasionele basis bots nie met geloof en oorgawe aan die transendente nie. So 'n botsing vind alleen plaas as die rasionele en die geloofskomponente in 'n omgekeerde verhouding tot mekaar te staan kom – as die rede die buitenste sirkel word en die geloof moet omvat soos wat die proposisies van die ortodoksie gelykgestel word met dit waarna hulle verwys, naamlik die waarheid.

'n Verdere betekenisvolle element in hierdie verband is die **nederigheid** waartoe die etiese waarheidsopvatting ons dwing. 'n Goeie voorbeeld hiervan word gegee deur Daniël Chantepie de la Saussaye en, op sy voetspoor, Valeton. Volgens De la Saussaye se beskouing van die triniteitsleer lê daar 'n waarheid in die deïstiese opvatting (die absoluutheid van God), in die dualistiese opvatting (die selfstandigheid van die wêreld), en in die panteïstiese opvatting (die vereniging van God en wêreld), maar elk het ook 'n dwaling: die onmededeelbaarheid van God (deïsme), die onafhanklikheid van die wêreld (dualisme), en die vereenselwiging van God en wêreld (panteïsme). Hiermee toon De la Saussaye dat die etiese waarheidsbegrip leef by die oortuiging dat geen leerstuk, dogma of sisteem die volle waarheid van God kan omvat nie en dat hulle net pogings is om die onsegbare te sê. Maar daarom moet hulle ook as sodanig gewaardeer word. Ons moet krities staan teenoor alle menslike teologiese proposisies van verlede en hede en hulle in hulle relatiewe betekenis, wat inhou hulle relasie tot 'het leven Gods', waardeer (vgl Valeton 1904: 19–20). Daarom kon Valeton die kerklike dogmata vergelyk met 'afgeslote' rekeninge. Nie omdat hulle 'afgesluit', dus verouderd en onbruikbaar is nie, maar omdat hulle die saldo's en uitgangspunte vir verdere rekening (= teologiese besinning) moontlik maak. Hulle funksioneer, volgens 'n ander metafoor van Valeton as 'herkenningstekens', as 'zoovele mijlpalen op den weg' (Valeton 1909: 44).

Hierdie beskeie oordeel oor eie insig in 'die waarheid' is nie alleen aktueel in vandag se Suid-Afrika met so baie opvattinge wat elk oortuig is van sy eie 'absolute waarheid' nie, maar ook 'n *sine*

*qua non* vir ware geloof. Want om te doen asof ons die volheid van God se waarheid deurgrond, is ewe erg as om so te sê – en dit is blasfemies.

**Literatuurverwysings**


BARTH, K. 1952. *Die protestantische Theologie im neunzehnten Jahrhundert: Ihre Vorgeschichte und ihre Geschichte*. Zürich: EVZ.

BAVINCK, H 1903. *De theologie van Prof Dr Daniël Chantepie de la Saussaye: Bijdrage tot de kennis der ethische theologie*. Leiden: Donner.

EERDMANS, BD 1909. Nederlandsche literatuur over het OT. *ThT* 43, 555–567.

EERDMANS, BD 1910. Exegese. *ThT* 44, 289–304.

GUNNING, JH jr 1866. *Blikken in de openbaring*, 1. Amsterdam: Höveker.

GUNNING, JH jr 1884. *Jezus Christus, de Middelaar Gods en der menschen*. Amsterdam: Höveker.

GUNNING, JH JHzn 1885. *De critische beschouwing van Israëls geschiedenis*. Haarlem: Willink.

KEUNEN, A 1885. De critiek van den Hexateuch en de geschiedenis van Israël's godsdienst. *ThT* 19, 491–530.

KUYPER, A 1908–1909. *Encyclopaedie der heilige Godgeleerdheid*. 3 volumes. Kampen: Kok.

KUYPER, HH 1904. *Evolutie of revelatie*. Amsterdam: Höveker.

LOADER, JA 1984a. Die etiese Ou-Testamentici in Nederland tussen 1870 en 1914. D Th-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

LOADER, JA 1984b. The writings of Professor Adrianus van Selms. *JNSL* 12, 5–17.

LOADER, JA 1985a. The concept of revelation in Dutch Ethical Theology: Its implications for Old Testament scholarship. *OTE* 3, 18–32.

LOADER, JA 1985b. JJP Valeton jr as godsdienshistorikus. *HTS* 41, 233–251.

LOADER, JA 1986. Die bydrae van Gerrit Wildeboer (1855–1911) tot die Ou-Testamentiese inleidingswetenskap. *OTWSA* 27–28, 148–166.

OPZOOMER, CW 1846. *De gevoelsleer van Dr JJ van Oosterzee beoordeeld*. Amsterdam: Van Kampen.

RASKER, AJ 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795: Haar geschiedenis en theologie in de negentiende en twintigste eeu*. Kampen: Kok.

ROESSINGH, KH 1914. *De Moderne Theologie in Nederland: Hare voorbereiding en eerste periode*. Groningen: Van der Kamp.

SAUSSAYE, D Chantepie de la 1860. *La crise religieuse en Hollande*. Leiden: De Beuk.

SAUSSAYE, D Chantepie de la 1867. *Het wezen der theologie: Open brief aan den hoogleeraar Hofstede de Groot*. Amsterdam: Tassemeijer.

SCHOLTEN, JH 1846. *Mr CW Opzoomer op het gebied der Godgeleerdheid en Wijsbegeerte beoordeeld*.

SCHOTT, E 1961. Vermittlungstheologie. *RGG* 6, 1362–1364.

VALETON, JJP jr 1883. *Geloof en theologie*. Utrecht: Kemink.

VALETON, JJP jr 1904. *Ethisch*. Nijmegen: Ten Hoet.

VALETON, JJP jr 1909. *De ethische richting*. Baarn: Hollandia.

WILDEBOER, G [1897] 1886. Het historisch-kritisch onderzoek des Ouden Verbonds en de evolutieleer, in *Karakter en beginselen van het historisch-kritisch ondersoek des Ouden Verbonds*, 45–69. Utrecht: Kemink.

WILDEBOER, G 1893. *De letterkunde des Ouden Verbonds naar de tijdsorde van haar ontstaan*. Groningen: Wolters.

WILDEBOER, G 1904a. De openbaring in Israël. *SWV* 41, 148–183.

WILDEBOER, G 1904b. Resensie: HH Kuyper 1904. *ThSt* 22, 44–54.

WILDEBOER, G 1910. Iets over exegese. *ThT* 44, 437–442.